

# Nota aan ouers

## Hoe kan ek my kind help leer?

Jy kan jou kind help om die leerproses te geniet deur te verstaan op watter manier hy of sy die beste leer. Kinders se leerstyle verskil, selfs al word hulle in dieselfde gesin groot of al kom hulle uit dieselfde agtergrond. Kinders kan ook hul leerstyle afwissel na gelang van wat hulle leer en die omgewing waarbinne hulle leer. Hul leerstyl kan selfs verander namate hulle ouer word. Verskillende leerstyle benut verskillende dele van die brein. Hoe meer van jou brein jy gebruik, hoe beter leer jy!

## Visuele leer


- Laat jou kind op die prente en tekeninge op die bladsy fokus terwyl jy begripvrae vra: wat?, wie?, waar?, wanneer?, hoe? en hoekom? (Visuele begrip is 'n belangrike aspek van die leerproses en assessering.) Moedig jou kind aan om skriftelike inligting te visualiseer en om te teken wat sy sien.
- Moedig haar aan om breinkaarte met verskillende kleure en prente te gebruik om inligting te onthou.
- Laat haar bordspeletjies speel, legkaarte bou en prentaaisels oplos om haar ruimtelike vaardighede te ontwikkel. Laat haar na opvoedkundige DVD's kyk en interaktiewe digitale boeke gebruik.

## Ouditiewe leer

- Lees hardop saam met jou kind.
- Moedig jou kind aan om dit wat jy vir hom lees, neer te skryf of op te som.
- Laat hom na 'n verskeidenheid oudioboeke, musiek en nuusprogramme luister, en vra begripvrae soos: "Beskryf wat jy hoor"; "Wie praat nou? Hoe voel die persoon en hoe weet jy dit?" en "Waar dink jy speel die storie af?".
- Laat jou kind sy studie-aantekeninge hardop lees, neem dit op en laat hom daarna luister.
- Speel woordspeletjies soos *Ek sien met my klein ogie* en doen 'n verskeidenheid woordraaisels om sy woordassosiasievaardighede en woordeskat te ontwikkel. Laat hom die antwoorde op woordraaisels hardop spel; dit versterk die visualisering van woorde en bevorder spelvaardighede.

## Logiese leer

- Vestig jou kind se aandag op die verbande tussen die verskillende elemente van 'n teks.
- Stel jou kind bloot aan niefikstiekste in boeke, koerante en op die internet.
- Vra volgordevrae sodat jou kind die gebeure in stories of feite-artikels, alles wat sy die dag gedoen het, of hoe om iets te maak of te doen, stapsgewyse moet opnoem. Dit ontwikkel haar vermoë om logies te dink en om logiese verbindingswoorde soos *eers*, *daarna* en *voordat* te gebruik.
- Pak saam praktiese projekte aan en verduidelik die doel van aktiwiteite aan jou kind as sy dit nie verstaan nie.
- Laat haar interaktiewe digitale boeke gebruik en opvoedkundige rekenaarspeletjies soos Scrabble, Sudoku, blokkiesraaisels en ander woord- en syferspeletjies speel.



## **Kinestetiese leer**

- Gebruik voorwerpe en gebare om te wys hoe dinge werk.
- Moedig jou kind aan om sy begrip van idees deur rolspel en mimiek uit te beeld.
- Besoek verskillende plekke waar jou kind aan diere en voorwerpe kan raak en met mense kan kommunikeer.
- Laat hom eksperimente doen of voorwerpe bou wat verband hou met die temas waarvoor hy leer.
- Laat jou kind toe om sy liggaam te beweeg en klein voorwerpe te hanteer terwyl hy konsentreer.
- Neem saam aan sport en speletjies deel.

## **Alleen of in 'n groep?**

Party kinders verkies om alleen te werk; ander werk graag in groepe. Dit is belangrik dat jou kind albei moet leer doen. Moedig hom aan om 'n klasmaat of twee te nooi om saam met hom aan projekte te werk of huiswerk te doen, of ondersoek nuwe maniere om naweke saam te werk. Besoek museums en kunsgalerye of onderneem uitstappies in die natuur sodat jou kind die omgewing saam met 'n maat kan verken.

## **Hoe kan ek Afrikaans pret maak vir my kind?**

- Lees elke dag hardop saam. Saamlees bring 'n ouer en kind letterlik nader aan mekaar omdat julle langs mekaar sit en saam uit dieselfde boek lees.
- Sorg dat jou kind jou sien lees vir jou werk (bv. aanwysings, resepte, e-posse), vir genot en vir studiedoeleindes.
- Vind uit waarin jou kind belangstel en help haar om boeke oor haar belangstellings te soek wat sy vir die pret kan lees.
- Gesels met jou kind oor die boeke wat sy lees – wie is die hoofkarakters in die storie, wat het met hulle gebeur, waarom, was dit goed of sleg?
- Maak saam kos of pak allerlei kreatiewe projekte aan – lees saam resepte en etikette of stel jul eie gesinskookboek of -handwerkboek saam.
- Gesels met mekaar oor boeke – vra vrae oor die boek, identifiseer nuwe woorde en idees, bespreek prente en karakters. Vra jou kind hoe sy voel oor die karakters en gebeure en bring dit in verband met jul gesinslewe.

- Vertel vir mekaar stories. Bespreek julle familiegeskiedenis en gesels oor uitstappies wat julle saam onderneem het.
- Skryf en teken saam met jou kind. Laat haar prente teken, 'n fotoalbum of skyfievertoning saamstel, of haar ondervindings neerskryf.
- Hou self dagboek en moedig haar aan om ook in haar eie dagboek oor die dinge te skryf wat haar bang of hartseer maak.
- Gaan gereeld biblioteek toe, sluit by 'n gesinsboekklub aan, identifiseer jul gunstelingskrywers en soek saam met jou kind na interessante boeke.

## **Hoe kan ek my kind met huiswerk help?**

- Sorg dat hy of sy elke dag minstens 20 minute aan huiswerk bestee.
- Gesels met jou kind se onderwyser oor die doel van huiswerk en oor die klasreëls.
- Wees entoesiasies oor jou kind se skool en huiswerk.
- Sit elke dag 'n spesifieke tyd opsy vir huiswerk. Moenie dit tot net voor slaaptijd los nie, anders gaan jou kind gespanne bed toe.
- Werk naweke aan groot projekte, veral as jou kind saam met klasmaats moet werk.
- Verdeel opdragte in kleiner, meer hanteerbare onderdele.
- Rig vir jou kind 'n stil studeerhoekie in met die nodige skryfpapier, merkpenne, 'n liniaal, potlode en 'n woordeboek.
- Moet nooit jou kind se huiswerk vir hom of haar doen nie! Maak by die onderwyser seker of jy die huiswerk moet nasien of nie.
- Oefen elke dag saam met jou kind spelwoorde.

## **Hoe en wanneer behoort my kind hierdie oefentoetse te skryf?**

- Sorg dat jou kind 'n stil, goed verligte werkplek met 'n lessenaar en stoel het. Maak seker dat hy of sy 'n liniaal, potlode, 'n skerpmaker, uitveër en blou, rooi en swart penne byderhand het.
- Sit genoeg tyd opsy sodat jou kind die toets sonder onderbrekings kan aflê. Kies 'n tyd wanneer hy of sy vars en uitgerus is, soos 'n naweekoggend.
- Begroot sowat 1 uur 45 minute per toets:  
Begripstoets en taal – 1 uur  
Blaaskans – 15 minute  
Stelwerk – 30 minute

# TOETS I

Datum:

Tyd:

Begrip – totaal: 15	Taal – totaal: $30 \div 2 = 15$	Stelwerk – totaal: 15
Jou totaal:	Jou totaal: $\div 2 =$	Jou totaal:



Lees die teks aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## Die Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioenskap

- <sup>1</sup> Sonop. Dis nou of nooit. Op my sokkies sluip ek voordeur toe, reënstewels in die hand. In die portaal haal ek my wolserp van die haak af, woel dit om my nek en dans 'n eenbeen-riel om my dik swart reënstewels aan te trek sonder om neer te slaan.
- <sup>2</sup> Geluidloos maak ek die voordeur oop en glip buitetoe. Nou lê daar nog drie stelle trappe tussen my en die tuin waar die formidabele Harige blinkblaar-wag-'n-bietjieboom staan. Ek moet verby Davey se deur by nommer 16, Mokgalo s'n by nommer 14 en Ryno s'n by nommer 10 kom. Ons almal hou die afgelope vier weke dieselfde tros vruggies dop. Die jaarlikse Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioenskap is 'n dodelik ernstige saak in ons woonstelblok en ek was die afgelope twee seisoene die onoorwonne veldkampioen. Die reëls van die kompetisie is eenvoudig – deelnemers moet een van die donkerbruin vruggies pluk en binne drie probeerslae of minder die klipharde pit binne-in oopkraak. As niemand dit regkry nie, spook julle dit uit deur mekaar met die pitte te bestook. Maar ek was die afgelope twee jaar die Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioen en ek is nie van plan om vanjaar my kroon af te staan nie.
- <sup>3</sup> Uiteindelik is ek veilig verby my teenstanders se deure en in die oopte van die tuin agter die woonstelblok – 'n wildernis van inheemse bome en struike. Terwyl die eerste strale van die son die grys oggendhemel verlig, troon die boom met sy kosbare vrug bo my uit – 'n manjifieke gesig.



4 Ek bestyg die harige stam en wens dadelik dat ek eerder my tekkies aangetrek het. Reënstewels is nie juis die beste keuse wanneer jy 'n Harige blinkblaar-wag-'n-bietjieboom probeer klim nie, al help hulle om jou teen die geniepsige weerhake te beskerm wat jou probeer teëhou.

5 Nog net die laaste entjie. Versigtig seil ek nader aan my doelwit aan die punt van die skraal tak. Met my hande styf om die stam geklem fluister ek die tradisionele formule: "Edele Blinkblaar-wag-'n-bietjie, koning van die bome!" Alle Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioene sê dit voordat hulle 'n vruggie pluk, uit respek vir die boom. My pa sê selfs meneer Bosman het dié gewyde woorde geuiter. En as dit hom gehelp het om soveel Blinkblaar-wag-'n-bietjie-veldslae te wen, wie's ek om te stry? Ek kan al die oorwinning próé.



## Begrip

1. Omkring die beste keuse om die volgende sin te voltooi. (1)

*Die hoofkarakter se naam is:*

- 1.1 Davey
- 1.2 Mokgalo
- 1.3 Ryno
- 1.4 Mnr. Bosman
- 1.5 Nie een van bogenoemde nie

2. Is die volgende stelling waar of onwaar? (1)

Die *Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioen* van die afgelope twee seisoene

klim in 'n boom. \_\_\_\_\_

3. Wat is die doel van die *Blinkblaar-wag-'n-bietjie-kampioenskap*? (2)

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

4. Wat moet deelnemers aan die *kampioenskap* vir die boom sê? (1)

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

5. **Voltooi die onderstaande sin deur een woord vir die onderstreepte frase neer te skryf.** (1)

Die storie begin net na sonop, dus begin dit in die \_\_\_\_\_.

6. **Wat is die *geniepsige weerhake* in paragraaf 4 eintlik?** (2)

\_\_\_\_\_

7. **Hoekom sal reënstewels goeie beskerming daarteen bied?** (2)

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

8. **In watter seisoen dink jy speel die storie af? Verwys na die teks om jou antwoord te staaf.** (3)

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

9. **Waarom dink jy is die hoofkarakter so versigtig om niemand wakker te maak terwyl hy uitsluip tuin toe nie?** (2)

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

## Taal

10. **Is die volgende stellings waar of onwaar?**

10.1 In die sin *Versigtig seil ek nader aan my doelwit aan die punt van die skraal tak* is die woorde *ek* en *my* voornaamwoorde. \_\_\_\_\_ (1)

10.2 Die woord *versigtig* is 'n bywoord. \_\_\_\_\_ (1)

10.3 Die woord *skraal* is 'n selfstandige naamwoord wat deur die byvoeglike naamwoord *tak* omskryf word. \_\_\_\_\_ (1)

**11. Lees die sin *Ek bestyg die harige stam* en doen die volgende:**

11.1 Skryf die onderwerp neer. \_\_\_\_\_ (1)

11.2 Skryf die voorwerp neer. \_\_\_\_\_ (1)

11.3 Skryf die gesegde neer. \_\_\_\_\_ (1)

**12. Lees die onderstaande sin en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

*Terwyl die eerste strale van die son die grys oggendhemel verlig, troon die boom met sy kosbare vrag bo my uit – 'n manjifieke gesig.*

12.1 Onderstreep twee metafore. (2)

12.2 Omkring drie voorsetsels. (3)

12.3 Trek 'n streep deur drie lidwoorde. (3)

12.4 Skryf die sin in die verlede tyd. (2)

---

---

12.5 Skryf die sin in die toekomstige tyd. (2)

---

---

12.6 Skryf 'n antoniem neer vir die woord *manjifieke*. \_\_\_\_\_ (1)

**13. Skryf die volgende sin oor en voeg die regte leestekens in. ( $\frac{1}{2} \times 6$ )**

sels meneer bosman het dié gewyde woorde geuiter sê my pa

---

**14. Skryf 'n ander Afrikaanse woord neer vir die volgende.**

14.1 riel \_\_\_\_\_ (1)

14.2 tekkies \_\_\_\_\_ (1)

**15. Bestudeer die onderstaande telkaart en beantwoord die vrae.**

Deelnemer	Rondtes	Uitkloprondtes	Wen of verloor?
Mokgalo Coetzee	II II II III	1	3
Ryno Juba	III III	2	2
Nyati Biffles	II II II II	0	2
Jamie Africa	II II II II II III		4

15.1 Hoeveel deelnemers is daar volgens die telkaart? (1)

15.2 Skryf die deelnemers se name alfabeties neer volgens hul vanne. (1)

15.3 Watter deelnemer het aan die meeste rondtes deelgeneem? (1)

15.4 Wat is onduidelik aan die kolom met die opskrif *Wen of verloor?* (2)

15.5 Watter syfer moet in die oop spasie onder die *Uitkloprondtes*-kolom staan? (1)

**Stelwerk**

**16. Voltooi die volgende skryfopdragte.**

16.1 Ontwerp vyf reëls vir die Blinkblaar-wag-'n-bietjie-spel wat dit 'n prettige, veilige en uitdagende kompetisie sal maak. (5)

---

---

---

---

---

16.2 Gebruik die vyf reëls hieronder om die sertifikaat uit te skryf wat aan die Blinkblaar-kampioen van die seisoen toegeken word. (5)

---

---

---

---

---

---

---

16.3 Skryf 'n toespraak van vyf reëls vir die wenner van die Blinkblaar-Speler van die Jaar-toekenning. (5)

---

---

---

---

---

---

---



# Antwoorde

## Toets 1

Begrip					
Vlak	Vaardigheidsfokus	Vraag-nommers	Soortgelyke vrae in ander toetse		
			Toets 2	Toets 3	Toets 4
Letterlik	Leerder kan antwoorde in die teks opspoor	1, 2	1.1–1.3	1, 3.1	1, 2
Organisasie	Leerder kan inligting uit die teks manipuleer	3, 4	1.4, 2, 4	2, 4, 5, 7	3, 4, 5, 6
Afleidings	Leerder kan die teks verstaan en oor inligting redeneer	5, 6, 7, 8	3, 5, 6	3.2, 6, 9	7, 8, 10
Evaluasie	Leerder kan oordele vel op grond van bewyse uit die teks	9	7	8	9, 11
Taal					
Vlak	Vaardigheidsfokus	Vraag-nommers	Soortgelyke vrae in ander toetse		
			Toets 2	Toets 3	Toets 4
Spelling en woordeskat	Woordbetekenis Spelling	12.1, 12.6, 14 15.2	8, 18	12.4	13, 14, 16
Punktuasie	Hoofletters, kommas en punte	13	9	11.5, 13.1	15
Grammatika	Woordsoorte	10, 12.2–12.3	10, 11, 16	10, 11.4, 13.2–13.3, 13.5, 13.7	12, 17, 19
Skryf van sinne	Sinsdele	11	12, 13, 14, 15, 17	11.1–11.3, 13.6, 13.4	18
	Tye	12.4–12.5			
Insig in gespesialiseerde tekste	Telkaarte	15.1, 15.3–15.5		12.1–12.3, 12.5–12.6	1–11

## Begrip

- 1.5 Nie een van bogenoemde nie (1)
- Waar (1)
- Die doel van die kampioenskap is om een van die donkerbruin bessies te pluk en binne drie probeerslae of minder die harde pit binne-in oop te kraak. (2)
- Dit is tradisie dat hulle “Edele Blinkblaar-wag-’n-bietjie, koning van die bome!” vir die boom sê. (1)
- oggend (1)
- Dit verwys na die boom se krom dorings. (2)
- Reënstewels is gewoonlik van dik rubber gemaak, wat ’n mens teen die skerp dorings sal beskerm. (2)
- Dit klink asof die storie in die winter of herfs afspeel, want dit is so koud dat die hoofkarakter reënstewels en ’n serp aantrek. Die oggendhemel word as grys beskryf. (3)
- Al die kinders van die woonstelblok wil dieselfde tros bessies pluk. Die hoofkarakter wil eerste by die ryp bessies uitkom om die nuwe seisoen se kampioenskap te wen. (2)

## Taal

- 10.1 Waar (1)
- 10.2 Waar (1)
- 10.3 Onwaar (1)
- 11.1 Ek (1)
- 11.2 die harige stam (1)
- 11.3 bestyg (1)
- 12.1 tot 12.3 *Terwyl die eerste strale (van) die son die grys oggendhemel verlig, troon die boom (met) sy kosbare vrag (bo) my (uit) – 'n manjifieke gesig.* (8)
- 12.4 *Terwyl die eerste strale van die son die grys oggendhemel verlig het, het die boom met sy kosbare vrag bo my uitgetroon – 'n manjifieke gesig.* (2)
- 12.5 *Terwyl die eerste strale van die son die grys oggendhemel sal verlig, sal die boom met sy kosbare vrag bo my uittroon – 'n manjifieke gesig.* (2)
- 12.6 Aanvaar enige van die volgende: aaklige, nare, afgryslieke, lelike (1)
13. <sup>Ⓢ</sup>Selfs meneer <sup>Ⓟ</sup>Bosman het dié gewyde woorde geuiter <sup>Ⓢ</sup>sê my pa <sup>Ⓢ</sup> (1/2 × 6)
- 14.1 dans (1)
- 14.2 seilskoene/sportskoene (1)
- 15.1 Daar is vier deelnemers op die telkaart. (1)
- 15.2 Jamie Africa, Nyati Biffles, Mokgalo Coetzee, Ryno Juba (1)
- 15.3 Jamie Africa het aan die meeste rondtes deelgeneem. (1)
- 15.4 'n Mens weet nie of die punte aandui of die deelnemers gewen of verloor het nie. (2)
- 15.5 Dit moet I wees, aangesien die punte daarop dui dat Jamie Africa aan net een uitklopronde deelgeneem het. (1)

## Stelwerk

- 16.1 Aanvaar enige vyf relevante, toepaslike, grammatikaal korrekte sinne. Ken een punt toe vir elke sin. Trek tot twee punte af vir spelfoute. (5)
- 16.2 tot 16.3 Die onderstaande rubriek kan gebruik word om jou kind se skriftelike werk oor albei onderwerpe te evalueer. (10)

Kriteria	Puntetoekenning
Vyf relevante, toepaslike, grammatikaal korrekte sinne wat 'n samehangende geheel vorm en van kreatiwiteit getuig, sonder puntuasie- of spelfoute	4 tot 5 punte
Vyf meestal toepaslike, grammatikaal korrekte sinne wat grotendeels 'n samehangende geheel vorm en oor die algemeen van kreatiwiteit getuig, met die minimum puntuasie- en spelfoute	3 tot 2 punte
Vyf grammatikaal korrekte sinne, maar met foute wat verstaanbaarheid belemmer	0 tot 1 punt